Universiteit van Pretoria

# KRIMINOLOGIE EN SOSIALE VERANDERING: 'N TOEKOMSPERSPEKTIEF

PROF RONELLE PRETORIUS

## KRIMINOLOGIE EN SOSIALE VERANDERING: 'N TOEKOMSPERSPEKTIEF

## PROF RONELLE PRETORIUS

Intreerede gelewer op 9 Mei 1989 by die aanvaarding van die Professoraat en Hoofskap van die Departement Kriminologie, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria.

# CURRICULUM VITAE
# PROF RONELLE PRETORIUS

Ronelle Pretorius is op 23 Desember 1943 te Brakpan gebore. Sy matrikuleer in 1960 aan die Hoërskool Brandwag en behaal 'n HOD in Huishoudkunde aan die Pretoriase Onderwyskollege in 1963. In 1981, 1982, 1983 en 1985 verwerf sy onderskeidelik die grade BA, BA(Hons)(Krim), MA(Krim) (almal met lof), en DPhil(Krim) (75%) aan die Universiteit van Pretoria.

Professor Pretorius begin haar loopbaan as onderwyseres by verskeie laer- en hoërskole aan die Witwatersrand en Pretoria; sy was lektrise in Voedingsleer by die Pretoriase Verpleegsterskollege; en later ook lektrise in Huishoudkunde by die Pretoriase Onderwyskollege.

Haar verbintenis met die Universiteit van Pretoria begin in 1980 as navorsings-assistent in die departement Sosiologie. Vanaf 1982 tot 1988 word sy opvolgend as lektrise, senior lektrise, mede-professor en waarnemende departementshoof in die departement Kriminologie aangestel. Op 1 Januarie vanjaar is sy tot professor in en hoof van hierdie departement bevorder.

Professor Pretorius ontvang verskeie beurse en toekennings wat haar in staat stel om onder andere referate in Italië en die VSA te lewer, en navorsing in Brittanje te doen. Ook vervul sy leidende rolle in verskeie vakverenigings en -komitees, en die onderskeiding het haar te beurt geval om as vrou van die jaar vir 1989 genomineer te word, die sogenaamde "Star Woman Awards."

Haar indiensopleiding sluit onder andere rekenaar- en woordverwerkeropleiding, 'n veiligheidsverteenwoordigerkursus, rekenaargesteunde onderrig, en bemeestering van aanbiedingsvaardighede in. Professor Pretorius tree as promotor en leier van verskeie proefskrifte en verhandelings op, en 'n aansienlike aantal wetenskaplike publikasies het alreeds vanuit haar pen verskyn.

Dit is vervolgens vir my aangenaam om professor Pretorius te versoek om haar professorale intreerede te lewer oor die onderwerp "Kriminologie en sosiale verandering: 'n Toekomsperspektief."

Prof D M Joubert
VISE-KANSELIER EN REKTOR

# KRIMINOLOGIE EN SOSIALE VERANDERING: 'N TOEKOMSPERSPEKTIEF

## Kriminologie, Wetenskapsbeoefening en Samelewingseise

### Inleiding

Die tergende ekonomiese, politieke en sosiale probleme van die afgelope dekade het 'n era in die geskiedenis van die universiteitswese ingelei waarin elke vakwetenskap — ook die kriminologie — onder die vergrootglas geplaas word. Dissiplines word dikwels openlik of op 'n bedekte wyse daarvan beskuldig dat hulle irrelevant, onbetrokke en veral onbemarkbaar is wat 'n beroep vir studente of die oplossing van samelewingsprobleme betref. 'n Wetenskapsbeoefening in die afsondering van 'n afsydige en spreekwoordelike ivoortoring waar sogenaamde "kennis bloot ter wille van die kennis" vroeër versamel is, is vandag totaal onaanvaarbaar. Dit is vervang met 'n beeld van die universiteit wat aan 'n markplein herinner: die universiteit word al meer gesien as 'n openbare instelling wat in diens van die samelewing moet staan en wat gemeet moet word aan die eise van 'n fabrieksmodel. Die verwagting behels dat die universiteit kennis en vaardighede moet produseer wat koste-effektief is en die probleme van die samelewing kan help oplos.

Dit is ironies dat die kritiek teen en die verwagtings wat aan die universiteit gestel word, enersyds 'n ongemak by akademici veroorsaak oor wat hul rol en die van hul vak in die samelewing is en behoort te wees. Andersyds weerspieël dit tog 'n bewussyn by die samelewing van die belangrikheid van die universiteitswese in die volkslewe, en verskuil die verwagting dat wetenskapsbeoefening oplossings vir samelewingsprobleme kan bied.

Kriminologie staan nie los van die woelinge rondom die universiteitswese nie en die vak moet sigself afvra of dit tred hou met die eise en probleme van die tyd. Die vraag oor die sameleweingsbetrokkenheid van dissiplines is baie geldig en ook kriminologie sal homself deurlopend hieroor moet kan verantwoord indien die vak enigsins aanspraak op sy voortbestaan as akademiese dissipline wil maak.

'n Ontleding van die geskiedenis van die kriminologie bring aan die lig dat die vak van meet af aan deur 'n integrasie van suiwer akademiese oorwegings, die insameling van kennis en die toepassing van hierdie kennis gekenmerk is. So het Beccaria (1738-1794), een van die grondleggers van die moderne kriminologie, hom na aanleiding van die lukraak wyse van straftoemeting wat sy navorsing in die agtiende eeu in Italië aan die lig gebring het, beywer vir strafhervorming (Vold, 1979:21). Lombroso wat hom vanuit die positivistiese wetenskapsbeskouing veral met die veroorsaking van misdaad besig gehou het, was deeglik onder die indruk daarvan dat kennis van kousaliteit moontlikhede vir beheer oor gedrag ingehou het. Sy visie dat kriminologiese kennis belangrik vir rehabilitasie is, word reeds in 1911 weerspieël in die titel van sy laaste publikasie "Crime, it's causes and remedies" (Vold, 1979).

Die impak van kriminologiese navorsing op kriminele en gevangenisbeleid het 'n lang en goed gedokumenteerde geskiedenis. Dit strek vanaf Beccaria tot resente navorsers, ook in Suid-Afrika, byvoorbeeld Kriel (1984) se bevindings oor opleiding en arbeid in Suid-Afrikaanse gevangenisse wat ingrypende veranderinge in gevangenisbeleid meegebring het.

Inleidende handboeke tot die kriminologie stel dit baie duidelik dat dié vak hom nie net besig hou met basiese navorsing oor die aard en veroorsaking van misdaad nie, maar ook veral met die toepassing van hierdie kennis in praktiese beleid met betrekking tot misdaadvoorkoming, die rehabilitasie van oortreders en strafhervorming. Conklin (1981:21) konstateer byvoorbeeld in sy gesaghebbende inleidende handboek tot die vak: "Ideally criminology should begin with a description of criminal behaviour, proceed to theories that explain the causes of that behaviour, and conclude with social policies derived from those descriptions and casual theories". Vetter en Silverman (1986:28) lewer die volgende kommentaar oor die implementering van kriminologiese kennis: "Criminologists in their role of researchers and theoreticians contribute significantly to criminal justice by helping to provide the practioner with new ideas, tools and information".

In 'n Suid-Afrikaanse publikasie oor misdaadvoorkomingstrategieë konstateer Naudé dat een van die belangrikste oogmerke met kriminologiese navorsing juis die voorkoming of beheer van misdaad is omdat dit (misdaad) die lewenskwaliteit van individue en gemeenskappe benadeel (Naudé en Stevens, 1988:3). Ronald Akers (in Fox, 1976:416) wat uitgebreide navorsing oor die relatiewe suksesse of mislukkings van behandelingsprogramme vir oortreders in gevangenisse gedoen het, kom tot die slotsom: ". . . treatment without research is quackery".

Die meeste kriminoloë is dit eens dat leerplanne behoort by te dra tot 'n professionele voorbereiding van persone wat in kriminele regsplegingstelsels werk, en dat die vak 'n verantwoordelikheid het om 'n rol te speel in die verbetering van die kriminele regstelsel. Vetter en Silverman (1986:2) poneer in dié verband "Some criminologists who teach, believe the curricula they offer should serve as professional preparation for persons intending to work in the criminal justice system".

Ook in die Republiek van Suid-Afrika het kriminologie nog altyd 'n pragmatiese tradisie gehad. Dit blyk onder andere uit misdaadvoorkoming wat as 'n standaard spesialiseringsrigting binne die vak aangebied word. Verder toon kriminologiese navorsing oor die algemeen ook 'n praktiese inslag. 'n Bekende voorbeeld hiervan is Venter se navorsing oor residivisme (1958), wat 'n betekenisvolle invloed op gevangenisbeleid in Suid-Afrika gehad het.

Kriminoloë in Suid-Afrika betree steeds nuwe terreine as vakkundige adviseurs en lewer as sodanig 'n onontbeerlike diens aan die gemeenskap. Die volgende resente ontwikkelings demonstreer dié feit: Deur navorsing het kriminoloë, waaronder Labuschagné (1987), 'n voormalige student aan hierdie universiteit, byvoorbeeld die behoeftes van slagoffers van seksuele misdade uitgelig en kon daar 'n daadwerklike bydrae gemaak word tot wetenskaplik gefundeerde hulp aan sodanige slagoffers. Verkragtingskrisisdienste in Suid-Afrika word tans op 'n wetenskaplike wyse bedryf. Een gevolg hiervan is dat die slagoffer 'n meer betroubare getuie in die hof is en

ook beter gehelp kan word om die trauma van dié misdaad te verwerk. Nie net het daar 'n verbetering in die hantering van slagoffers ingetree nie, maar kriminologiese navorsing het betekenisvol bygedra tot die gemeenskap se bewussyn van die voorkoms, bydraende faktore tot, en die voorkoming van misdaad.

In 'n resente ontwikkeling neem twee Suid-Afrikaanse kriminoloë tans deel aan 'n projek, bekend as die Pretsi-projek wat onder die beskerming van NIMRO, Johannesburg staan en in konsultasie met die Johannesburgse Balieraad uitgevoer word. Die taak van hierdie kriminoloë is om 'n bydrae tot voorvonnisverslae en die individualisering van straf te lewer. Die Pretsi-projek het homself as waardevol vir die beskuldigde, die verdediging, sowel as die voorsittende beampte bewys. Waar die projek aanvanklik slegs tot *pro deo* sake beperk was, het dit uitgebrei na bystand aan privaat regspraktisyns. Uit die omvang van die versoeke vir hierdie soort dienste, is hier waarskynlik deure geopen vir vakkundiges om vir die eerste keer in Suid-Afrika as praktiserende kriminoloë te werk, en nie as sielkundiges of maatskaplike werkers wat net 'n toevallige belangstelling in die kriminologie het nie. Verder het die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn ook voorvonnisevalueringskomitees in verskeie sentra in die lewe geroep en dien kriminoloë op hierdie multi- dissiplinêre komitees.

Kriminoloë het ook 'n belangrike rol gespeel in die implementering van gemeenskapsdiensvonnisse in Suid-Afrika. Hulle lewer ook reeds belangrike insette in hervestigingsrade.

## IS KRIMINOLOGIE NOG RELEVANT?

Vir my is die groot vraag op die huidige oomblik nie of kriminologie by die probleme van die samelewing betrokke is nie, maar eerder of navorsing en sillabusse tred hou met die eise van die tyd en belangrike sosiale veranderinge wat besig is om in die Suid-Afrikaanse samelewing te gebeur.

Sy Edele, Regter R.J. Goldstone het in 1988 verklaar dat 'n kriminologiehandboek van twee of drie dekades gelede vandag heeltemal verouderd kan wees. Verder maak hy teen die agtergrond van 'n standpunt oor die belangrikheid van kriminologiese navorsing die volgende stelling, en ek haal hom aan: "Baie opvattings wat voorheen gehuldig is oor misdaad en misdaadvoorkoming blyk nou mites te wees, wat nie alleen irrelevant is nie, maar selfs die groei van beleidsrigtings wat gerig is op die sinvolle beskerming en ontwikkeling van 'n gesonde gemeenskap, kan strem" (Naudé en Stevens, 1988:VI).

My standpunt is dat kriminologie inderdaad relevant en betrokke is, maar dat dit wat sillabus-inhoud en navorsingstemas betref, besig is om bepaalde realiteite van ons samelewing mis te kyk en daarmee saam die gevaar loop om homself uit te sluit as vak wat 'n belangrike rol te spele het in die toekoms en welsyn van die soort samelewing wat tans besig is om in Suid-Afrika te ontwikkel. Ek sien dit as my taak om van hierdie veranderinge aan te dui en 'n beleid en akademiese klimaat aan hierdie Universiteit daar te stel wat 'n relevante, betrokke wetenskapsbeoefening moontlik maak en ver-

seker dat kriminologie inspraak sal hê in die skepping van 'n samelewingsorde waarin misdaad meer effektief voorkom en die oortreder meer sinvol behandel kan word.

Kriminologie is in Suid-Afrika nog altyd sterk beïnvloed deur Britse, Europese en veral Noord-Amerikaanse verklaringsmodelle. 'n Kritiese ontleding van kriminologiesillabusse, vakwetenskaplike artikels, navorsingsverslae en temas vir verhandelings en proefskrifte toon ook dat kriminoloë se belangstelling tradisioneel oorwegend in die misdaad-problematiek van die hoofsaaklik Blanke, westerse, stedelike, en industriële samelewingskomponent lê. In dié opsig het hulle dan ook 'n belangrike bydrae gelewer om ons kennis van misdaad hier ter lande uit te bou. 'n Volgehoue belangstelling in en navorsing oor misdaad in die voorgenoemde komponent van ons samelewing is uiters noodsaaklik om tred te hou met die voortdurende veranderende misdaadpatrone in 'n industriële samelewing. Dat kriminologie in Suid-Afrika inderdaad samelewingsrelevant bly, blyk om maar enkele voorbeelde te noem, onder andere uit die akademiese belangstelling wat rekenaarmisdaad, die slagoffer van misdaad en die vrou as misdadiger en as slagoffer in die jongste tyd ontvang (Cole, 1986; Lawrence, 1984; Pretorius, 1984; Wales, 1985).

## SOSIALE VERANDERING EN 'N TER SAKE KRIMINOLOGIE

Die komplekse demografiese, ekonomiese en sosio-politieke realiteite van Suid-Afrika is tans besig om dramaties te verander — en die verandering is besig om teen 'n tempo te versnel wat die sosiale struktuur van die land teen die einde van hierdie eeu ingrypend kan verander. Hierdie sosiale veranderinge hou belangrike implikasies in vir toekomstige misdaadpatrone en vir kriminologie as akademiese dissipline, indien dit in die toekoms nog relevant wil bly en 'n betekenisvolle bydrae wil maak tot ons kennis van en beleid oor die oplossing van die probleme van ons samelewing.

By die aanvaarding van hierdie leerstoel sien ek dit as my taak om van die sosiale veranderinge wat besig is om plaas te vind, aan te stip en 'n beleid daar te stel wat dit vir kriminologie aan hierdie Universiteit moontlik sal maak om tred te hou met ontwikkelings en 'n konstruktiewe bydrae te kan lewer tot 'n kennis oor en oplossing van die samelewing se misdaadprobleem.

Dit is 'n algemeen aanvaarde kriminologiese feit dat misdaad differensieel in enige bevolking voorkom en varieer volgens taal, geslag, ouderdom, sosiale klas en ras-etniese groeperinge. Hieruit volg dit logies dat enige verandering in die demografiese samestelling van 'n bevolking tot 'n verandering in misdaadpatrone moet lei. Suid-Afrika beleef op die huidige oomblik só 'n proses van dramatiese demografiese verandering en ek wil aantoon hoe dit misdaad en die toekoms van kriminologie as dissipline raak.

## KRIMINOLOGIE EN DEMOGRAFIESE VERANDERING

In 1985 was die totale Suid-Afrikaanse bevolking nagenoeg 34,9 miljoen. Mostert (1988:72, 91), 'n gesaghebbende demograaf, projekteer dat die bevolking teen die jaar 2000 met bykans die helfte kan vermeerder tot ongeveer 51 miljoen. Oor elf jaar van nou af kan die Blanke bevolking 5,3 miljoen wees teenoor die 4,8 miljoen wat dit in 1985 was. In dieselfde tyd, so word geprojekteer, kan die Swart bevolking van 26,2 tot 40,9 miljoen toeneem, die Kleurlinge van 2,9 tot 3,8 miljoen en die Asiërs van 0,8 tot een miljoen. Die verwagte totale persentasie groei vir Blankes is 9,4 persent, 55,9 persent vir Swartes, 28,9 persent vir Kleurlinge en 24,1 persent vir Asiërs. Vir die bevolking as 'n geheel word die gemiddelde groeipersentasie op 46,4 persent bereken.

Die implikasie wat 'n projeksie van dié aard vir toekomstige misdaadpatrone en vir die kriminologie as wetenskap wat misdaad bestudeer inhou, word duidelik as daar gelet word op hoe bevolkingsgroei gepaard gaan met migrasie en veranderinge in die demografiese struktuur van die bevolking wat weer 'n invloed uitoefen op kriminogene faktore soos werkloosheid, swak onderwysvoorsiening, behuisingsnood en die destruktiewe elemente van verstedeliking. Ons kyk vervolgens vanuit 'n kriminologiese perspektief na hierdie sake.

## OUDERDOMSTRUKTUUR EN KRIMINALITEIT IN DIE TOEKOMS

Suid-Afrika openbaar tipiese eerste- en derdewêreld bevolkingstendense: Blankes, as verteenwoordigend van die hoofsaaklik ontwikkelde komponent van die bevolking, is besig om demografies te verouder, dit wil sê bejaardes word proporsioneel 'n steeds groter deel van die bevolking terwyl die persentasie-aandeel van kinders besig is om te krimp. Projeksies toon dat Blanke kinders van skoolgaande ouderdom (7-18 jaar), oor 'n skamele 21 jaar in die jaar 2010 ongeveer 10 persent minder as die huidige getalle kan wees, terwyl die getalle by Swartes met ongeveer 76 persent gaan toeneem. Bloot op grond van dié tendense kan verwag word dat misdaadpatrone by die verskillende bevolkingsgroepe gaan verander — by Blankes kan byvoorbeeld 'n proporsionele afname in jeugmisdaad verwag word, terwyl daar in alle waarskynlikheid na verhouding 'n toename gaan wees in die misdadigheid van Blanke middeljariges en bejaardes. Wat meer is, daar kan ook 'n verandering verwag word in die patroon van tipes misdade wat gepleeg word, byvoorbeeld 'n toename in die soorte misdade wat volwassenes en ouer mense gewoonlik pleeg, soos bedrog, vervalsing en korrupsie.

In die geval van Swartes, as verteenwoordigend van die hoofsaaklik ontwikkelende komponent van die Suid-Afrikaanse bevolking, kan weer verwag word dat jeugmisdaad sal toeneem, bloot omdat hulle demografies 'n jong en groeiende bevolking is. Wat kinders van skoolgaande ouderdom (7-18 jaar) betref, kan ook voorsien word dat die misdaad- en wangedragpro-

bleme deur onvoldoende onderwysfasiliteite vererger kan word. Dit word algemeen aanvaar dat onderwys en opvoeding 'n belangrike inhiberende invloed op misdaad het, maar probleme met die voorsiening van voldoende getalle onderwysers en skole vir Swartes kan die rol van onderwys in die toekoms ernstig benadeel. Engelbrecht en Niewenhuis (1988:169) het bereken dat verpligte onderwys vir alle Swartes onder die ouderdom van 16 jaar met die verwagte bevolkingsgroei in ag genome sal beteken dat ongeveer 17 400 onderwysers per jaar opgelei sal moet word, bo en behalwe die bestaande agterstand wat nog ingehaal moet word. Verder sal daar ongeveer nog 'n 1 000 skole per jaar opgerig moet word om die verwagte bevolkingsgroei te kan akkommodeer. Dit is onvermydelik dat dié ideaal onder die huidige ekonomiese omstandighede bereik sal kan word. Daar kan dus verwag word dat Swart leerlinge in die volgende dekades toenemend in oorvol klasse sal sit en onderrig sal moet word deur persone wat nie behoorlik vir hulle taak opgelei is nie — 'n ideale teëlaarde vir wangedrag en jeugmisdaad. 'n Kriminologie wat relevant wil wees, sal wat sillabusinhoude en navorsingstemas betref, aan dié sake aandag moet gee indien die vak 'n sinvolle bydrae tot beleid oor die voorkoming van jeugmisdaad en die rehabilitasie van oortreders wil lewer.

## ARMOEDE, WERKLOOSHEID EN MISDADIGHEID

Die probleem van vraag en aanbod op die arbeidsmark word ook deur demografiese veranderinge geraak en het 'n belangrike potensiële invloed op toekomstige misdaadpatrone. Na verwagting sal mense in die ekonomiese leeftydsgroep 19-64 jaar in die volgende twee dekades (1990-2010) met 72,5 persent vermeerder. Persone wat vir die eerste keer tot die arbeidsmark toetree, dit wil sê diegene wat 19 jaar oud in enige van die komende jare tussen 1990 en 2010 gaan wees, kan by Swartes met soveel as 80,7 persent toeneem en by Blankes met ongeveer 17 persent daal. Dié verwagte tendense kry kriminologiese betekenis wanneer dit teen die agtergrond van potensiële werksgeleenthede en die realiteit van werkloosheid beskou word.

Terblanché (1988:140) beraam dat daar tussen 1985 en 1995 minstens 900 nuwe werksgeleenthede per dag geskep sal moet word om die verwagte groeiende Suid-Afrikaanse arbeidsmag te absorbeer. Om dié mikpunt te kan bereik, sal die landsekonomie egter gemiddeld met 6-7 persent per jaar moet groei. Die gemiddelde groeikoers oor die afgelope vyf jaar was slegs 1,1 persent. As 'n mens in gedagte hou hoe Suid-Afrika geteister word deur buitelandse handelsboikotte, binnelandse politieke onrus, die talle stakings en die probleem van 'n agterstand in opgeleide arbeidskrag, is dit te betwyfel of werkloosheid in die onmiddellike toekoms sal afneem. Teen dié agtergrond kan verwag word dat ekonomiese misdade in die toekoms sal toeneem, veral inbrake, diefstal en roof, namate meer getalle potensiële toetreders tot die arbeidsmag en mense in die ekonomies bedrywige leeftydsgroep as gevolg van werkloosheid en ekonomiese nood, uit desperaatheid misdaad pleeg. Kriminologie het hier 'n belangrike taak om

kriminogene faktore in die land se sosio-ekonomiese en politieke strukture bloot te lê en met wetenskaplik verantwoordbare aanbevelings aan beleidmakers te bekamp.

## VERSTEDELIKING, WONINGNOOD EN MISDAAD

Bevolkingsgroei, industrialisasie en modernisering gaan tradisioneel gepaard met binnelandse migrasie wat op sigself weer 'n direkte invloed op die ekologiese verspreiding van misdaad het. Demograwe voorspel 'n fenomenale groei in die stedelike bevolking van Suid-Afrika, en daar word verwag dat dit veral jong Swartes is wat na die stede sal verhuis. Daar word nie net bereken dat die meerderheid Swartes teen die jaar 2000 verstedelik sal wees nie, maar ook dat Swartes proporsioneel die grootste segment van die stedelike bevolking sal uitmaak. Volgens die Sentrale Statistiekdiens (1986:203) was 39 persent van die Swart bevolking in 1970 reeds verstedelik. Muller (1985:60) projekteer dat tussen 51 en 65 persent van die Swart bevolking teen die einde van hierdie eeu reeds in stedelike gebiede woonagtig kan wees.

Vanuit 'n kriminologiese perspektief is migrasie vanaf die platteland na die stad en die gepaardgaande bevolkingsgroei as sodanig 'n relatief minder belangrike dimensie van verstedeliking. Daar is egter twee sake wat uit verstedeliking voortvloei en vir die doel van hierdie rede belangrik is omdat dit direk met misdaad verband hou. *Eerstens* toon die geskiedenis van stedelike ontwikkeling in Suid-Afrika en in alle derdewêreldlande, dat migrasie na die stad gepaard gaan met akute behuisingsnood en die ontstaan van plakkersdorpe en krotbuurtes wat gekenmerk word deur armoede, werkloosheid, onhigiëniese lewensomstandighede, algemene maatskaplike verval, misdaad en swak sosiale beheer oor die gedrag van mense.

Eksteen (in Dewar, 1985:21) het bereken dat daar tussen 1975 en die jaar 2000 ongeveer 200 000 woonhede per jaar gebou sal moet word om alleenlik in die behuisingsbehoeftes van diegene, wat nie self 'n huis kan bekostig nie, te voorsien (dit wil sê gesinne wat minder as R6 000 per jaar verdien). Hierdie syfer (ongeveer 200 000) sou dalk kon voorsien in die bestaande agterstand en vir die natuurlike verwagte bevolkingsaanwas, maar hierdie agterstand het reeds in 1975 begin toe slegs 42 500 wooneenhede deur die openbare sektor gebou is. Dit is voor die handliggend dat die behuisingstekort vergroot en dat meer en groter plakkersdorpe om Suid-Afrikaanse stede 'n onafwendbare realiteit van die onmiddellike toekoms is. Die kwaliteit van lewe in hierdie lewensomgewing word afgetakel deur hoë misdaadsyfers en die eksploitering van mense se armoede, werkloosheid en swak lewensomstandighede. Kennis oor hierdie faset van die Suid-Afrikaanse misdaadtoneel is baie oppervlakkig en hier wag 'n groot taak op kriminologie om 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot 'n konstruktiewe beleid oor behuising en die voorkoming van misdaad in stede.

'n *Tweede* aspek van verstedeliking, is die verhoogde kriminaliteit wat gewoonlik met ingrypende sosiale, ekonomiese, kulturele en politieke verandering gepaard gaan wanneer 'n bevolking besig is om op groot skaal na

die stad te trek. In talle opsigte reflekteer derdewêreldbevolkings dieselfde ervarings en misdaadpatrone van ontwikkelde bevolkings toe laasgenoemde groep verstedelik het. 'n Herhaling hiervan deur Suid-Afrika se ontwikkelende bevolkingsgroepe is nie net 'n historiese feit nie, maar wat belangrik is, is dat die ontwrigting, disorganisasie en veral kriminaliteit onder hierdie deel van die bevolking in tempo en intensiteit teen die agtergrond van die demografiese-, behuisings- en arbeidsrealiteit wat so pas bespreek is, besig is om fenomenaal toe te neem.

'n Ontleding van misdaadstatistiek toon dat ontwikkelende bevolkings hulle meer aan sommige tipes misdade as aan ander skuldig maak (Clinard en Abbott, 1973). Misdade wat veral omvangryk voorkom, is misdrywe teen eiendom, geweldsmisdade, motordiefstal en ook korrupsie. Inbraak en diefstal hang nou saam met die gevoel van relatiewe deprivasie en die swak posisie van hierdie bevolkingsgroepe op die arbeidsmark. Periodes van groot werkloosheid, soos wat Suid-Afrika in die jongste tyd ervaar, word dan gewoonlik ook deur 'n toename in misdaad teen eiendom gekenmerk. Die omvang van en toename in inbraak in stede blyk uit die voorbeeld van Pretoria: in 1982/83 was daar 875 veroordelings vir dié misdaad. In die verslagjaar 1986/87 was die ooreenstemmende syfer vir die stad 1 154 ('n 31,8 persent toename). 'n Verdere eienskap van hierdie misdade is dat gewapende roof en roof met verswarende omstandighede 'n stygende tendens toon, en dat motors steeds meer in die pleeg van misdaad gebruik word. Verder is daar 'n groter sofistikasie in die *modus operandi* en 'n toenemende waaghalsigheid in die gebruik van geweld by roof, inbraak en diefstal te bespeur.

Gewapende roof word gewoonlik geassosieer met banke, sake-ondernemings en die inwoners van die meer welvarende Blanke woonbuurtes wat diewe ten prooi val. Die feit is egter dat die grootste meerderheid van die slagoffers van gewapende roof mense is wat in die nabye omgewing van die misdadiger woon en min of meer in dieselfde swak ekonomiese posisie as hyself verkeer. Navorsing deur Moabi (1976:123) en Schurink en Strijdom, (1976) dui byvoorbeeld daarop dat dit veral Swartes is wat op Vrydae en betaaldae op treine, by bushaltes en selfs in huurmotors deur medepassasiers met messe en vuurwapens gedreig en beroof word. Die jongste verslag (1986/87) van die Sentrale Statistiekdiens oor misdrywe onderskryf dié feit en berig byvoorbeeld dat daar in die 1986/87 verslagjaar 303 veroordelings was ten opsigte van Blankes wat deur Swartes, Kleurlinge of Asiërs met 'n vuurwapen aangehou is. Hierteenoor was daar 3 506 veroordelings in dieselfde tydperk ten opsigte van diefstalle waar Swartes, Kleurlinge of Asiërs deur persone van hul eie bevolkingsgroepe met 'n vuurwapen aangehou en beroof is.

In die bespreking tot dusver is daar in die verbygaan ook na politieke verandering verwys. Grootskaalse demografiese, ekonomiese en sosiale verandering gaan gewoonlik met politieke woelinge gepaard wat aanleiding tot misdaad kan gee. Vold (1979:292) poneer dan ook in die verband: "Many kinds of criminal acts must be recognized as representing primarily behavior on the front-line fringes of direct contact between groups struggling for control of power in the political and cultural organization of society". Die Re-

publiek van Suid-Afrika beleef tans 'n vlaag van misdaad wat gedeeltelik ook as polities van aard beskou kan word. Oppervlakkig geoordeel mag sommige misdade na gewone oortredings van die gemenereg lyk waarby individue en eiendom betrokke is. By nadere ondersoek mag dit egter blyk dat dit die dade van mense is wat vanuit hulle perspektief vir 'n goeie saak en teen die bedreiging van 'n vyand veg.

Teen die agtergrond van politieke onrus en die demografiese veranderinge wat besig is om in die land plaas te vind, kan 'n toename in die volgende twee tipes misdaadsituasies verwag word: *Eerstens,* misdaad en geweld as deel van 'n protesbeweging wat op politieke hervorming gerig is. Moord, sabotasie, ontvoering, afpersing, beskadiging van eiendom en brandstigting is maar enkele oortredings van die misdaadkode wat aan almal bekend is en wat met 'n politieke verset saamgaan. In die *tweede* instansie moet misdaad wat met industriële onrus en stakings gepaard gaan, byvoorbeeld intimidasie en geweld om mense te oorreed om aan 'n staking deel te neem, in baie gevalle ook as polities van oorsprong gesien word. Verstedeliking en werkloosheid kan in die toekoms 'n nog groter invloed op arbeidsonrus uitoefen en misdaad bevorder omdat mense wat aan beide kante van 'n politieke magstryd betrokke is, neig om enige kriminele gedrag te kondoneer ten einde hulle eie saak te bevorder.

Die kriminoloog wat hom of haar op die terrein van politieke misdaad begeef, betree 'n mynveld omdat die navorser se eie oortuigings en die hele probleem van wetenskaplike objektiwiteit en die navorser se betrokkenheid by samelewingsprobleme op die spel kom. Verder loop die ondersoeker die risiko om sigself van die beleidmaker, wat dikwels ook die opdrag- en werkgewer is, te vervreem omdat navorsingsbevindings en aanbevelings 'n bedreiging vir die *status quo* mag inhou. In die verlede het hierdie dilemma tot 'n onwilligheid gelei om basiese navorsing van 'n meer kritiese aard te onderneem. Die vak sal egter hierdie probleme moet aanspreek indien dit in die toekoms relevant wil bly en deel wil hê aan die skep van 'n ordelike samelewing. Wat navorsing betref, sal 'n aanvaarbare middeweg tussen 'n onderdanige stertswaaiery en 'n onproduktiewe geblaf en gebyt gevind moet word.

## DIE UITDAGING VAN DIE TOEKOMS

Die demografiese realiteite van ons tydsgewrig konfronteer kriminologie met 'n verwagte toekomstige misdaadtoneel in Suid-Afrika wat groot uitdagings en eise aan dié vak stel, naamlik om wat navorsing en sillabusse betref, homself op 'n terrein te begewe waaraan tot op hede net aan die oppervlakte geraak is. Dat kriminele gedrag van ontwikkelende bevolkingsgroepe tot nou toe relatief min aandag geniet het, is te begrype. As wetenskap wat hoofsaaklik deur Blankes beoefen word, was die belangstelling met enkele uitsonderings uiteraard gerig op die misdaad van die akademikus of navorser se eie samelewing en bevolkingsgroep, onder andere vanweë praktiese oorwegings soos groter toeganklikheid tot respondente vanweë 'n gemeenskaplike taal en kultuur.

'n Optimale hantering van die land se verwagte toekomstige misdaadprobleme verg kennis van die sosiale veranderingsprosesse wat in die samelewing werksaam is en 'n toepaslike misdaadvoorkomingsbeleid wat op wetenskaplike kennis berus. By die insameling en interpretasie van hierdie data is kriminologie dié wetenskap wat inligting kan bied en moet die vak sinvolle aanbevelings aan beleidmakers kan maak. In die stryd teen misdaad, by straftoemeting en in die rehabilitasie van oortreders kan die kriminologie nie onbetrokke en waardevry bly nie — dan sou die vak sy plig versuim en irrelevant raak.

Die beleidmaker het ook 'n plig en sou onverantwoordelik optree en met die welsyn van die samelewing dobbel as hy wetenskaplik gefundeerde aanbevelings ignoreer en argumenteer dat "die feite vir hulself spreek". Sogenaamde "feite" is dikwels misleidend en kry eers sin en betekenis wanneer dit binne 'n konseptuele raamwerk geïnterpreteer en verklaar word. Kriminologie bied juis die teoretiese soeklig waardeur die beleidmaker helderheid oor die misdaadverskynsel kan kry om op 'n verantwoordbare wyse tussen die alternatiewe te kies wat onvermydelik by die formulering van enige beleid ter sprake is.

By die aanvaarding van hierdie leerstoel sien ek dit as my opdrag en taak om 'n akademiese klimaat te help skep wat 'n relevante, betrokke kriminologie daar kan stel en 'n bydrae sal kan lewer tot 'n samelewingsorde waarin misdaad nie handuitruk nie. Om die ideaal enigsins te kan verwesenlik, sal die vak en die Departement Kriminologie sy waarde op die volgende vier terreine (met betrekking tot beleid) moet kan demonstreer.

## 1. DATA-INSAMELING AS FUNKSIE

Die eerste en belangrikste taak van die kriminologie lê nog steeds op die terrein van data-insameling, dit wil sê basiese navorsing om inligting te kan bekom oor probleme en toestande in die samelewing waarvoor oplossings in die onmiddellike toekoms gevind sal moet word. Daar is talle fasette van die Suid-Afrikaanse misdaadtoneel waaroor daar nog groot onkunde heers en wat om navorsing roep, byvoorbeeld die rol van politieke, ekonomiese en sosiale strukture in misdaad, die rol van die vrou as misdadiger en as slagoffer van misdaad, die landelike en stedelike misdaadpatrone van ontwikkelde en ontwikkelende bevolkingsgroepe en die aandeel van moderne tegnologiese veranderinge in die misdaadverskynsel.

Binne 'n akademiese opset kan basiese navorsing nie los van onderrig beskou word nie. Daarom moet die didaktiese beleid van 'n doserende departement soos die Departement Kriminologie rekening hou met die realiteite van die samelewing in die samestelling van sillabusse. Vir hierdie departement lê die uitdaging *eerstens* daarin om 'n balans te handhaaf in die aanbieding van sillabustemas wat die misdaadverskynsel van ontwikkelde en ontwikkelende bevolkings dek. Studente moet vertroud gemaak word met die uiteenlopende misdaadpatrone van landelinge en stedelinge, demografies jong en demografies verouderende bevolkings, misdaad en ge-

nerasieverskille, die emansipasie van die vrou en misdaad, en nog talle ander uiteenlopende misdaadverskynsels van 'n heterogene bevolking. *Tweedens* is daar vir hierdie departement die uitdaging om kriminologiese navorsers op te lei wat sensitief is vir die probleme en realiteite van die Suid-Afrikaanse samelewing en op 'n kritiese, maar wetenskaplik verantwoordbare wyse te kan bydra tot die uitbouing van kennis oor die misdaadverskynsel. Hiermee word 'n volgende taak van die kriminologie aangesny, naamlik:

## 2. DIE ONTMASKERINGSFUNKSIE VAN KRIMINOLOGIE

Kriminologie het die belangrike taak om deur navorsing en onderrig die onkunde, mites en stereotipes wat daar oor talle fasette van misdaad bestaan, uit die weg te ruim en die rol van eksploitasie, diskriminasie, sosiale stratifikasie en magsmisbruik in misdaadveroorsaking, straftoemeting en die mislukking van rehabilitasiepogings bloot te lê. Hier lê voorwaar 'n braakveld vir navorsing oor uiteenlopende misdaadprobleme wat wissel vanaf byvoorbeeld huweliks- en gesinsgeweld, gesinsmoord en korrupsie in die privaat- en openbare sektore tot die gedrag van sosio-kulturele en politieke minderheidsgroepe wat hulle met die gereg in botsing bring.

Om die boodskapper van slegte nuus te wees, is uiters onaangenaam en soms selfs riskant, veral as die nuus 'n bedreiging vir gevestigde belange en opvattings en standpunte wat diep in die kultuur en struktuur van die samelewing gewortel is, inhou. Die ontmaskering van patriargale dominansie as oorsaak van gesinsgeweld, die rol van rassisme en diskriminasie in ekonomiese misdade en die invloed van magsmisbruik in korrupsie is byvoorbeeld selde populêr, maar die waarde hiervan vir beleidshervorming kan nie ontken word nie. Toevlugsoorde vir mishandelde vroue en krisisklinieke vir slagoffers van verkragting is maar twee van talle voorbeelde van die samelewing se reaksie op die nood van slagoffers van misdaad wat deur navorsing blootgelê is. My standpunt is dat die Departement Kriminologie deur sy onderrigfunksie en die motivering van studente om oor substantiewe samelewingsprobleme navorsing te doen, 'n belangrike ontmaskeringsfunksie kan vervul. Hierdie aangeleentheid sluit nou aan by die insette wat kriminologie deur onderrig en navorsing tot beleid kan lewer.

## 3. DIE BYDRAE VAN SUBSTANTIEWE IDEES MET BETREKKING TOT BELEID

'n Derde taak van die kriminologie en 'n uitdaging aan hierdie departement, is om deur die algemene kennis en insigte wat die teorie en navorsing van die vak bied, 'n bydrae tot die ontwikkeling van aksieprogramme vir byvoorbeeld misdaadvoorkoming en rehabilitasie te lewer. Hier word veral gedink aan die opleiding van kriminoloë as professionele navorsers en as persone

wat in die praktyk van dienste staan waar met misdadigers en slagoffers van misdaad gewerk word, byvoorbeeld gevangenisamptenare en krisiskliniekwerkers. Substantiewe idees of voorstelle met betrekking tot beleid kan egter ook deur persone gelewer word wat normaalweg nie met 'n professionele loopbaan as kriminoloog geassosieer word nie, maar wat tog opleiding in die vak gehad het, byvoorbeeld geestelikes, onderwysers, maatskaplike werkers, ouers en talle ander persone wat in hulle beroeps- of sosiale lewe met die misdaadverskynsel te doene kry en betrokke is by beleid en/of die evaluering van beleid. My persoonlike standpunt oor die onderrig van die vak is ook dat kriminologie-studente hulself moet voorberei vir 'n verantwoordelike betrokkenheid by samelewingsprobleme. Dié standpunt bring my dan ook by 'n laaste en slotgedagte van my rede.

## 4. DIE EVALUERING VAN BELEID

Waar die samelewing dinamies is, ook wat die misdaadverskynsel betref, neig misdaad om voortdurend te verander, terwyl beleid soms staties bly en traag is om te verander. Daarom loop beleid die gevaar om uit pas met die realiteite van die tyd te raak en kan dit selfs kontra-produktief wees vir die oorspronklike oogmerke waarvoor dit ontwerp is. Smit (1979) het byvoorbeeld in sy evaluering van die sosialiseringsproses van jong polisierekrute vasgestel dat die oogmerk om groepsgebondenheid by polisie-amptenare aan te kweek, uit pas met die realiteite van moderne polisiëring is wat eerder individuele optrede van amptenare verg. Hy beveel dus 'n aksentverskuiwing in opleiding aan omdat die teenswoordige praktyke neig om 'n siniese houding, vervreemding en gevoelens van marginaliteit by kwekelinge te bevorder. Bevindings van dié aard beklemtoon die noodsaaklikheid dat beleid voortdurend evalueer moet word. Kriminologie het hier 'n belangrike taak om te vervul ten einde sinvolle aanbevelings vir verbetering of aanpassing te kan maak. Wat onderrig betref, het 'n akademiese departement dan ook die taak om hierdie belangrike funksie van wetenskapsbeoefening by studente tuis te bring en hulle aan te moedig om beleid as 'n sinvolle navorsingstema te kan identifiseer.

Ek sluit af met die standpunt dat kriminologie in ons tydsgewrig 'n onontbeerlike taak het om 'n beter begrip van die Suid-Afrikaanse samelewing te bevorder en die basiese inligting oor die misdaadverskynsel te verskaf wat noodsaaklik is vir aanpassings om 'n ordelike samelewing te help skep. Ek glo dat die Departement Kriminologie van die Universiteit van Pretoria 'n bydrae in hierdie verband kan lewer en ek aanvaar die uitdaging wat die laaste dekade van hierdie eeu bied, met entoesiasme.

## VERWYSINGS

Clinard, M.B. & Abbott, D.J. 1973. Crime in developing countries: A comparative perspective. New York: Wiley.

Cole, J. 1987. Die vrou as slagoffer van verkragting, ongepubliseerde MA-verhandeling, Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Conklin, J.E. 1981. Criminology. New York: Macmillan Co.

Dewar, D. 1985. "Housing policy in South Africa: an evaluatory overview", in RSA 2000: Swart Verstedeliking, Vol 7:1. Pretoria: RGN.

Engelbrecht, S.W.H. & Niewenhuis, F.J. 1988. "Onderwysstrategieë vir die toekoms", in Marais, H.C. (red): Suid-Afrika: perspektiewe op die toekoms. Hillcrest: Owen Burgess.

Fox, V. 1976. Introduction to criminology. London: Prentice Hall.

Gordon, G.L. 1985. Die mediese behandeling van gevangenes in Suid-Afrika. Ongepubliseerde MA- verhandeling. Pretoria: UNISA.

Kriel, J. 1984. Mannekragontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens met verwysing na basiese opleiding van Blanke proefbewaarders. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: UNISA.

Labuschagné, I.L. 1987. Die rol van 'n vrywillige verkragtingskrisisdiens: 'n Viktimologiese ondersoek. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Lawrence, Merlyn J. 1984. The problem of marital violence in Mitchells Plain and it's implications for the future of society. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.

Moabi, P.J. 1976. Deviance and the urban African taxi: A sociological analysis of the taxi as a deviant opportunity structure in Dobsonville. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: UNISA.

Mostert, W.P. et al. 1988. "Demografiese tendense in Suid-Afrika", in Marais, H.C. (red): Suid-Afrika: perspektiewe op die toekoms. Hillcrest: Owen Burgess.

Muller, N. 1985. "The future of constrained urbanization and African rural welfare", in RSA 2000: Swart Verstedeliking, Vol. 7:1. Pretoria: RGN.

Naudé, C.M.B. & Stevens, R. 1988. Misdaadvoorkomingstrategieë. Pretoria: HAUM.

Pretorius, Ronelle. 1984. Die vrou as slagoffer van geweld binne huweliksverband: 'n Viktimologiese ondersoek. Ongepubliseerde D. Phil-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Schurink, W.J. & Strijdom, H.G. 1976. Die vrees vir misdaad by die publiek van Soweto. Pretoria: RGN.

Sentrale Statistiekdiens.

1980/81: Statistieke van misdrywe, Verslag 08-01-12; Pretoria: Staatsdrukker.

1982/83: Statistieke van misdrywe, Verslag 08-01-14; Pretoria: Staatsdrukker.

1984/85: Statistieke van misdrywe, Verslag 08-01-16; Pretoria: Staatsdrukker.

1986/87: Statistieke van misdrywe, Verslag 00-11-01; Pretoria: Staatsdrukker.

1986 Suid-Afrikaanse Statistieke. Pretoria: Staatsdrukker.

Simkins, C. 1985. "Projecting African population distribution and migration to the year 2000", in RSA 2000: Swart Verstedeliking, Vol. 7:1. Pretoria: RGN.

Smit, B.F. 1979. Die sosialisering van die nuweling in die Suid-Afrikaanse Polisie subkultuur. Ongepubliseerde D.Litt et Phil-proefskrif: Pretoria: UNISA.

Terblanché, S.S. et al. 1988. "Enkele implikasies van die strukturele veranderinge in die arbeidsmag van Suid-Afrika", in Marais, H.C. (red): Suid-Afrika: perspektiewe op die toekoms. Hillcrest: Owen Burgess.

Venter, H. 1958. Residivisme. Kaapstad: HAUM.

Vetter, J. & Silverman, Ira. 1986. Criminology and crime. New York: Harper & Row Publishers.

Vold, G.B. 1979. Theoretical Criminology. New York: Oxford University Press.

Wales, S.W. 1985. Kindermishandeling: 'n Kriminologiese ondersoek. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.